

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN



Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 Wie het aan die oorkant van die see gewoon?
- 3 Wat het gebeur toe Jesus net daar aan kom?
- 4 Wat het Jesus vir die man gese?
- 5 Wat het die bese geeste gevra moet Jesus nie doen nie?




Dinsdag (oë)

- 1 Wat sien jy?
- 2 Waar het die man gebly?
- 3 Wat het die man aan homself gedoen wat die ander onstel het?
- 4 Wat was die duiwel se naam wat in die man was?
- 5 waar het Jesus die duiwels heen gestuur?



Woensdag (hartjie)

- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Hoeveel varke was daar gewees ?
- 3 Wat het die varke gedoen nadat die duiwels in hul in gevaar het?
- 4 Wat het die vark oppassers gedoen na die gebeure?
- 5 Wat het die mense gesien wat van oral af gekom het om te sien wat aangaan?



Donderdag (hand)

- 1 Hoe het die mense gevoel toe hul dit gesien het ?
- 2 Hoekom het hul Jesus we gejaag.?
- 3 Wat het Jesus vir die man gese toe hy vra om saam hul te gaan?
- 4 Hoe het die mense reageer toe die man hul vertel het wat die Here vir hom gedoen het?

MARKUS 5 Die varke word vol duiwels

1-5 Later het Jesus en die dissipels aan die oorkant van die see aangekom. Die Geraseners het daar gebly. Jesus het skaars uit die boot geklim of 'n man wat in die mag van 'n duiwel is, kom na Hom toe. Die man het in 'n begraaftplaas gebly. Die mense was baie bang vir hom. Hulle het hom met kettings probeer vasbind, maar hy het dit elke keer gebreek. Dag en nag het hy tussen die grafte geskree terwyl hy homself met skerp klippe kap.

6-10 Die man het reguit na Jesus toe gehardloop. Hy val voor Hom neer en skree hard: "Seun van die allerhoogste God, wat soek U hier? Ek smee U, moenie my seermaak nie." Jesus se vir die duiwel: "Gee pad uit die man uit! Maar sê eers vir my wat is jou naam." "My naam is Legio, want ons is baie, " kom die antwoord. Die bese geeste het Jesus gesmeek om hulle nie weg te stuur nie.

11-13 'n Entjie verder teen die heuwel het 'n trop varke geloop. Die duiwels vra Jesus toe: "Laat ons in daardie varke gaan bly." Skaars het Jesus ja gesê, of hulle is in die varke in. Die varke het dadelik in die see ingestorm. Daar was omtrent twee duisend varke. Hulle almal het verdrink.

14-17 Die varkoppassers het gou-gou vir mense in die dorp gaan vertel wat gebeur het. Van oral af het mense kom kyk wat aan die gang is. Daar aangekom, sien hulle die woeste man rustig by Jesus sit. Hulle het toe baie bang geword. Die mense wat alles gesien het, het vir hulle vertel wat gebeur het: Die mense was omgekrap. Hulle se toe vir Jesus om pad te gee.

18-20 Toe Jesus in die boot klim, vra die man wat die duiwels in hom gehad het of hy saam met Hom kan gaan. Jesus wou nie. "Gaan na jou mense toe. Gaan vertel vir hulle hoe goed die Here vir jou is," het Hy geantwoord. Die man het toe vir die mense in sy omgewing vertel wat Jesus alles vir hom gedoen het. Hulle was baie bly hieroor.

INKLEUR PRENTJIE VIR DIE WEEK

(HANDIG IN BY DIE KATEGIEET / KERKKANTOOR - ONS KIES 'N
WENNER IN ELKE OUDERDOMSGROEP VIR DIE KIND WAT DIE
MOOIESTE IN GEKLEUR HET



NAAM EN VAN _____

GR / OUDERDOM _____